

Oorsom

in die saaigebiede van die

➔ deur Jannie Fourie

ering winterreënstreek

Die hoeksteen van enige veeboerdery is die korrekte voervloei-beplanning vir die tydperk met beperkte voer beskikbaar. 'n Goeie praktyk is om 'n voervloei altyd vir 'n jaar of selfs langer vooruit te beplan. Dit sal verseker dat die voerproduksie en die voedingsbehoefes van die diere deurlopend klop.

Die volgende prosedure moet met 'n voervloeibeplanning gevolg word:

- Doen 'n opname van beskikbare voerbronne en oppervlaktes, en maak 'n lys van die beskikbare voere.
- Bepaal die kudde se voerbehoefes.
- Bepaal die aantal kleinvee-eenhede (KVE's) op die plaas.
- Beplan 'n gewaskombinasie en voergewasse (wat elkeen se aantal hektaar insluit) wat aan die voerbehoefes van die kudde sal voorsien.
- Oorbegroot met sowat 20% vir 'n voerbank waarmee ondergemiddelde jare oorbrug kan word.

Bekende voerbronne

Oesreste: Reste van gewasse soos koring, gars, hawer, lupiene en kanolastrooi is volop beskikbaar. Daar word jaarliks duisende bale strooi gebaal, hoofsaaklik koring- en garsstrooi. Die res van die strooi word op land deurskape en beeste benut. Met bewaringslandbou word die strooi gekerf en is baie minder daarvan beskikbaar vir weiding. Kanolastoppel het nie veel weidingswaarde nie. Oesreste vorm dus die hoeksteen van ruvoer vir die streek.

Hooi: Hooi van veral hawer en koring word op groot skaal geproduseer, veral in die Swartland. In goeie reënjare word hooi ook van medics gemaak. In droogtejare word koring ook as hooi gebruik, veral as die graanopbrengs laag is.

Kuilvoer: Kuilvoer word 'n al hoe groter deel van die voerbank, omdat probleemonkruid in die graanfase weerstand teen onkruidodders bied. Die algemeenste manier van inkui-

ling is in kuilvoerbunkers of in toegedraaide, ronde bale. Inkuiling is 'n veilige manier om voer vir langer tye te berg en waarde toe te voeg tot probleemgewasse op die plaas. Die kuilvoer is beskikbaar vir diere en maak dit dan moontlik om diereprodukte soos vleis en wol te verkoop.

Lupiene: Lupiene word veral in die Swartland as wisselbougewas gebruik en verskaf uitstekende voer vir skape. Dit is 'n stikstofbinde in die grond en gee 'n hoë proteïenvoer vir diere. Lupiene word ook met groot sukses as prikkelvoeding voor teeltye gebruik. Daar is probleme met kultivars wat nie roesbestand is nie.

Lusern: Lusern is 'n ankergewas in die wisselboustelsels in die Overberg en Suid-Kaap, omdat dit die beheer van grasse fasiliteer. Dit is 'n uitstekende voergewas met hoë proteïeninhoud en kan as weiding, kuilvoer of hooi gebruik word.



Medics: Medics word nog op groot skaal in die Swartland as wisselbougewas met koring gebruik. In goeie reënare is die produksie van hierdie weiding goed. Dit kan benut word as hooi, kuilvoer of die sade wat op die grond uitval.

Alternatiewe voerbronne

Mielies (onder besproeiing): Dit word al hoe meer algemeen dat mielies onder besproeiing is. Mieliekuilvoer is goeie voer vir skape. Maak seker dat daar voldoende water beskikbaar is, anders is die praktyk nie volhoubaar nie.

Appelpulp: Dit is baie smaaklik. Maak net seker dat die voginhoud daarvan dit nie onbekostigbaar maak nie.

Gesteriliseerde hoendermis: Diere moet geïmmuniseer wees teen lamsiekte. Pasop vir te hoë kopervlakke en toksienes wat tot reproduksieprobleme kan lei.

Druiwedoppe: Dit is baie smaaklik. Die wit-doppe is van groter waarde as rooidoppe, omdat hoë vlakke tannien in rooidoppe voorkom.

Sitruspulp: Dit is 'n hoogs verteerbare, baie smaaklike voedingsbron en kan suksesvol ingekuul word.

Aartappels: Uitskotaartappels word soms aan diere gevoer. Dit is hoog in stysel en dus energie, alhoewel vars aartappels uit 75% tot 80% water bestaan. Aartappels moet gekerf word om verstikking te voorkom. Aartappels wat uitgeloop het bevat gifstowwe (alkaloïedes) in die spruite en moenie aan diere gevoer word nie.

Graanspruite (kitsgroenvoer): Gars word hoofsaaklik hiervoor gebruik. Dit is van kardinale belang om die maak van die spruite korrek te bestuur, anders gaan die verwagte produksie nie verkry word nie. 



Die NWKV lewer produksie-adviesdienste aan alle wolprodusente op kontrak met Cape Wools SA (CWSA) wat deur die Woltrust befonds word.